Die opstelle sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die opvoeder die totale produk as 'n geheel sal bepunt sonder om die samestellende dele te merk. Hierdie benadering moedig die leerder aan om 'n individuele mening aan te bied deur gebruik te maak van geselekteerde feitlike bewyse om 'n argument te ondersteun. Van die leerder sal nie verwag word om slegs "feite" uit te spoeg om sodoende 'n hoë punt te behaal nie. Dit sal leerders ook ontmoedig om "modelantwoorde" voor te berei en dit dan te reproduseer, sonder inagneming van die spesifieke vereistes van die vraag. Die holistiese nasien van opstelle gee krediet vir leerders se mening. Holistiese assessering, anders as inhoudgebaseerde nasien, penaliseer nie taalontoeikendhede nie, aangesien die klem op die volgende val:


- die konstruksie / daarstel van 'n argument;
- die toepaslike seleksie van feitlike bewyse om so 'n argument te ondersteun; en
- die leerder se interpretasie van die vraag.

Assesseringsprosedures van 'n opstel

1. Hou die sinopsis in gedagte wanneer die opstel nagesien word.
2. Met die eerste deurlees van die opstel moet regmerkies toegeken word vir 'n relevante inleiding (in riglyne vir nasien/ memorandum aangedui met 'n 'bullet') vir elke hoofmoment (in riglyne vir nasien memorandum aangedui met 'n 'bullet') 'n relevante slotopmerking (in riglyne vir nasien memorandum aangedui met 'n 'bullet') bv. in 'n antwoord met 5 hoofmomente sal daar 7 regmerkies wees.

Die volgende addisionele simbole kan ook gebruik word:

- inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer nie
- verkeerde stelling
- irrelevante stelling



- herhaling R
- analiseer A√
- interpretasie I√

Met die eerste deurlees van die opstel word daar ook bepaal in watter mate die hoofmomente gedek is en die inhoudsvlak (op die matriks) word toegeken.

I	VLAK 3	

Die tweede deurlees van 'n opstel sal die vlak (op die matriks) van die aanbieding.

I	VLAK 3	
A	VLAK 1	

6. Ken 'n finale simbool en punt met behulp van die matriks toe.

I	VLAK 3	B+
A	VLAK 1	39

Die matriks

Die kriteria waarvolgens die opstel geassesseer sal word, is m.b.v. 'n matriks georden en die matriks sal gebruik word vir die toekenning van 'n simbool aan 'n opstel. Beide die inhouds- en aanbiedingsasse is in agt vaardigheidsvlakke verdeel. Elke vlak met sy kriteria wat gebruik sal word om 'n opstel te assesseer.

AANBIEDING	VLAK 1 Volg 'n onafhanklike en relevante gedagterigting. Het geanaliseer en historiese verklarings gemaak. Goed beplande en gestruktureerde opstel. Uitstekende tegniese vaardig-hede en bewyse.	VLAK 2 Volg 'n relevante gedagterigting. Het geanaliseer en historiese verklarings gemaak. Goed beplande en gestruktureerde opstel. Minder belangrike foute.	VLAK 3 Volg 'n relevante gedagterigting. Poog om te analiseer en historiese verklarings te maak. Goed beplande en gestruktureerde opstel. Strukturele gebreke. Hoë orde vaardighede ontbreek.	VLAK 4 Probeer om 'n gedagterigting vol te hou. Poog om te analiseer en historiese verklarings te maak. Opstel in 'n sekere mate beplan en gestruktureerd.	VLAK 5 Probeer om 'n gedagterigting vol te hou. Analise en historiese verklarings in 'n sekere mate toegepas. Poog om te struktureer. Tegniese gebreke.	VLAK 6 Gedagterigting word nie volgehou nie. Analise en historiese verklarings soms of glad nie gemaak nie. Geen duidelike struktuur nie.	VLAK 7 Geen gedagterigting nie. Geen analise en historiese verklarings gemaak nie. Geen struktuur nie.	VLAK 8 Geen poging om die vraag te beantwoord nie.
INHOUD								
VLAK 1 Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudseleksie is ten volle relevant tot gedagterigting wat gevolg is.	A+ 47 - 50	A 43 - 46	A- 40 - 42					
VLAK 2 Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie is relevant tot gedagterigting wat gevolg is.	A 43 - 46	A- 40 - 42	B+ 38 - 39					
VLAK 3 Vraag in 'n groot mate beantwoord. Inhoud voldoende gedek en relevant.	B+ 38 39	B 36 - 37	B- 35	C+ 33 - 34				
VLAK 4 Gestelde vraag is herkenbaar in antwoord. Gebreke tov inhoudseleksie en beheer. Effens onvoltooid en irrelevante inhoudseleksies.			C+ 33 - 34	C 31 32	D+ 28 - 29			
VLAK 5 Feite hou verband met die vraag, maar beantwoord dit nie. Gebreke t.o.v. omvang en beheer.				C- 30	D 26 - 27	E+ 23 - 24		
VLAK 6 Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal.					D- 25	E 21 - 22	E- 20	
VLAK 7 Vraag ontoereikend of glad nie beantwoord nie. Inhoud ontoereikend. Grootliks irrelevant.						E- 20	F 13 - 19	
VLAK 8 Geen relevante inhoudseleksie nie. Heeltemal foutief.								G 07 - 12 H 00 - 06

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: OPSTELVRAE

- NASIENERS MOET DAAROP LET DAT DIE INHOUD VAN DIE ANTWOORD GELEI SAL WORD DEUR DIE HANDBOEKE WAT BY 'N SPESIFIEKE SENTRUM IN GEBRUIK IS.
- KANDIDATE MAG ENIGE ANDER TOEPASLIKE INLEIDING OF SAMEVATTING Hê AS DIT WAT INGESLUIT IS BY 'N RIGLYN VIR NASIEN VAN 'N SPESIFIEKE OPSTEL.

VRAAG 1: AFRIKA IN DIE TWINTIGSTE EEU**VRAAG 1A**

Binne 'n tydperk van tien jaar vanaf die 1950s tot 1960s het omstandighede buite hul beheer die koloniale moondhede gedwing om vryheid toe te ken en te vlug.

Stem jy saam met hierdie evaluering van die proses van dekolonisasie in Afrika? Ondersteun jou argument met relevante bewyse. **[50]**

SINOPSIS

Die kandidaat moet saamstem of nie saamstem of gedeeltelik saamstem of nie saamstem nie met die evaluering. Indien die kandidaat saamstem met die vraag moet bewyse aangebied word ter ondersteuning of daar omstandighede buite beheer was wat die koloniale moondhede gedwing het om vryheid toe te ken en te vlug. Sommige mag argumenteer dat terwyl die koloniale moondhede vryheid toegeken het, het hulle nie gevlug uit Afrika nie. Indien hulle nie saamstem nie, moet hulle bewyse aanbied wat aantoon dat die Afrika lande op hul eie hul onafhanklikheid verkry het. Hulle moet die geïdentifiseerde faktore ontwikkel om hul bespreking te ondersteun. Die vraag vereis 'n gebalanseerde argument.

*NB: Die hoofaspekte (bullets) moet gebruik word om aan die vraag se vereistes te voldoen en om 'n relevante gedagterigting te ontwikkel. **Die blote neerskrif van 'feite' is onvoldoende.***

HOOFASPEKTE

- Inleiding – Die kandidaat moet aandui of hy/sy saam of nie saamstem met die stelling nie en die gedagterigting aandui.
(Enige ander relevante inleiding)

UITBREIDING

- Verswakking van koloniale moondhede
(bv. Voormalige Koloniale moondhede (veral Frankryk en Brittanje) militêr verneder tydens die Tweede Wêreldoorlog
verlies van kolonies in Asië
koste van kolonies – Frankryk en Brittanje onwillig om groot bedrae geld te belê vir die ontwikkeling van Afrika kolonies teen die agtergrond van na-oorlogse rekonstruksie tuis)
- Nuwe Wêreldorde
(bv. Atlantiese Handves (rassisme en kolonialisme gelykgestel)
nuwe supermoondhede - VSA & USSR - vyandiggesind teenoor Europese kolonialisme
stigting van Verenigde Nasies: druk vir universele stemreg (veral van nuwe onafhanklike state in Asië)
Internasionale Verklaring oor Menseregte)

- Pan-Afrikanisme/Opkoms van meer radikale Afrika-nasionalisme (bv. Bandoeng-konferensie 1955 (bv. onverbondenheid, verskaf groter vertroue), opkoms van massapartye in sommige Afrika-state opkoms van meer radikale werkersklas (reaksie op oorlogservarings van verstedeliking, industrialisering, stakings) groei van onderwys(tesame met groeiende bewuswording van 'Westerse' konsepte van vryheid, demokrasie, middelklas in Afrika honger vir politieke verandering)
- Samevatting – Verwys na vraag en moet die argumente saamvat in die uitbreiding gevolg. (Enige ander relevante samevatting)

VRAAG 1B

Die mislukking van die Organisasie van Afrika-Eenheid om sy oogmerke te bereik, alhoewel edel en intens, was as gevolg van sy eie inherente swakhede.

Is dit billike kommentaar van die Organisasie van Afrika-Eenheid? Bespreek krities.

[50]

SINOPSIS

Die antwoord moet aandui of die kandidaat met die stelling saamstem of nie saamstem nie. In die beantwoording van die vraag word van kandidate verwag om duidelik aan te dui of die mislukking van die OAE om sy oogmerke te bereik die gevolg was van sy eie inherente swakhede of ander eksterne faktore, of beide aandui.

NB: Die hoofaspekte (bullets) moet gebruik word om aan die vraag se vereistes te voldoen en om 'n relevante gedagterigting te ontwikkel. Die blote neerskrif van 'feite' is onvoldoende.

HOOFASPEKTE

- Inleiding: Kandidate moet 'n standpunt inneem of dit billike kommentaar is of nie en hierdie standpunt kontekstualiseer in terme van die gedagterigting. (Enige ander relevante inleiding)

UITBREIDING

Uitdagings en/of suksesse moet verbind word met die oogmerke

- Uitdagings – (bv. algehele eenheid is moeilik om te bereik.
verdeeltheid tussen lande Kapitaliste vs Sosialiste
moeilik vir Afrika-lande om onafhanklik van die koloniale moondhede te bly
Nie in staat om beslissings af te dwing en om burgeroorloë in Afrika te beëindig
gebrek aan finansiële ondersteuning
Probleme van die Afrika Bevrydingskomitee
Stigting van streeksgrøeperinge onder die lidlande
OAE beheer deur diktators – wense van die bevolking nie verteenwoordig
OAE kon nie daarin slaag om menseregteskendings te keer nie
Droogte en hongersnood)
Eksterne faktore (bv historiese nalatenskap van kolonialisme kandidate wat 'n alternatiewe benadering aanbied/stem nie saam nie)
Enige ander relevante voorbeelde
- Suksesse – 'n Kandidaat kan suksesse aandui maar dit moet met die vraag verband hou en relevante bewyse verskaf wat die gegewe gedagterigting ondersteun.

- Samevatting: Kandidate moet die standpunt saamvat en samevattende kommentaar gee of die mislukking van die OAE om sy oogmerke te bereik die gevolg van sy eie swakhede, of ander eksterne faktore of aan beide toegeskryf kan word.
(Enige ander relevante samevatting)

VRAAG 2: DIE OPKOMS VAN SOWJET RUSLAND**VRAAG 2A**

Lenin se bekendstelling van die Nuwe Ekonomiese Beleid was 'n meesterlike plan om Rusland van ekonomiese ineenstorting te red.

Stem jy saam met die stelling? Motiveer jou antwoord.

[50]

SINOPSIS

Kandidate moet aandui of hulle met die stelling saamstem of nie. Die kandidaat se gedagterigting moet aantoon waarom Rusland 'n ekonomiese ineenstorting in die gesig gestaar het (deur te fokus op die tekortkominge van Oorlogskommunisme) en bespreek hoe die Nuwe Ekonomiese Beleid die ekonomie gered het.

*NB: Die hoofaspekte (bullets) moet gebruik word om aan die vraag se vereistes te voldoen en om 'n relevante gedagterigting te ontwikkel. **Die blote neerskrif van 'feite' is onvoldoende.***

HOOFASPEKTE

- Inleiding – Kandidate moet 'n standpunt ten opsigte van die stelling neem en 'n relevante gedagterigting ontwikkel en dit met bewyse ondersteun. (Enige ander relevante inleiding).

UITBREIDING

- Oorlogskommunisme (ekonomiese ineenstorting)
(bv. Oorlogskommunisme het negatiewe uitwerking op ekonomie staatsbeheerde ekonomie
kleinboere gekant teen opeis van voedsel
produseer slegs vir eie gebruik lei afname in voedselproduksie lei tot voedseltekorte
vererger deur droogte
hongersnood
Banke en groot industrieë genasionaliseer
werkerkomitees (geen ervaring)
in beheer van fabriek
handel en industriële produksie afgeneem
wydverspreide ontevredenheid
opstande bv. Kronstadt muitery
blameer regering)

- Ekonomiese oplewing onder Nuwe Ekonomiese Beleid
(bv. oogmerke van NEB die verligting van die drukkende ekonomiese probleme en ontevredenheid van die kleinboere
afskaffing van die opeis van graan
na betaling van 'n graanbelasting kon kleinboere oorskot op ope mark verkoop
kon grond huur en arbeiders in diens neem
koelakke
landbouproduksie vermeerder
klein fabriekes gedenasionaliseer
groter fabriekes georganiseer in trusts
Nepmanne
handel met buitelandse moondhede hervat
ekonomie verbeter
nywerheidsproduksie vermeerder
kleinboere het voedselproduksie vermeerder
minder onrus
Staatsbank)
- Samevatting – Leerders moet argument saamvat en aandui hoe die NEB die Russiese ekonomie van ineenstorting gered het.
(Enige ander relevante samevatting).

VRAAG 2B

Tot watter mate was Stalin in staat om 'n onafhanklike en doeltreffende Russiese ekonomie van 1928 tot 1939 te skep? Motiveer jou antwoord. **[50]**

SINOPSIS

Die kandidate moet aandui tot watter mate die Russiese ekonomie tussen 1928 tot 1939 onafhanklik en doeltreffend was.

In die beantwoording van die vraag, word van die kandidaat verwag om geskikte bewyse uit al drie vyfjaarplanne om aan te dui of Stalin 'n onafhanklike en doeltreffende Russiese ekonomie geskep het.

NB: Die hoofaspekte (bullets) moet gebruik word om aan die vraag se vereistes te voldoen en om 'n relevante gedagterigting te ontwikkel. **Die blote neerskrif van 'feite' is onvoldoende.**

HOOFASPEKTE

- Inleiding – Moet 'n aanvanklike evaluering van die stelling in die vraag aanbied d.i. tot watter mate.
(Enige ander relevante inleiding)

UITBREIDING

(Die oogmerke moet verbind word met die onafhanklikheid en/of doeltreffendheid van die ekonomie)

- Oogmerke
Staatsbeheer van die ekonomie (Gosplan) en Vyfjaarplanne
Kwotas
Teikens
Beplanning
- Veranderinge op landbouggebied as gevolg van die Vyfjaarplanne
Kollektivisering
Staatsplaas
Weerstand van koelakke en gebruik van mag van staat om hulle te vernietig.
- Veranderinge op nywerheidsgebied as gevolg van die Vyfjaarplanne
Nuwe industrieë
Infrastruktuur
Gebruik van slawe/gedwonge arbeid
- Samevatting – Leerders moet gedagterigting saamvat en samevattende opmerkings aanbied tot watter mate Stalin 'n onafhanklike en doeltreffende ekonomie geskep het.
(Enige ander relevante samevatting.)

VRAAG 3: DIE OPKOMS VAN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA**VRAAG 3A**

Die oorsake en gevolge van die Groot Depressie in die Verenigde State van Amerika kan vierkantig op die skouers van die beleid van die Republikeine in die 1920's toegeskryf word.

Is dit 'n billike oordeel? Bespreek.

[50]

SINOPSIS

Kandidate kan gedeeltelik saamstem, saamstem of nie saamstem nie met die stelling. Ongeag die standpunt wat hul egter inneem, moet kandidate die verband aandui/of nie tussen die beleid van die Republikeine in die 1920s en die oorsake en gevolge van die Groot Depressie.

*NB: Die hoofaspekte (bullets) moet gebruik word om aan die vraag se vereistes te voldoen en om 'n relevante gedagterigting te ontwikkel. **Die blote neerskryf van 'feite' is onvoldoende.***

HOOFASPEKTE

- Inleiding: Kandidate moet hul gedagterigting aandui en hoe hulle dit gaan ondersteun of enige ander relevante inleiding waarin die vraag toepaslik gekontekstualiseer word. (Enige ander relevante inleiding)

UITBREIDING

- **OORSAKE:**
Bv Europa se reaksie en die uitwerking op VSA uitvoere
Laissez-faire beleid – gevolglike ongesonde (en korrupte) besighede
Banke en handel in aandele-praktyke
ongelyke verdeling van rykdom
landbou oorskotte en gevolge
(*verwysing na die Sewe Vet jare*) VSA handelstariewe

- GEVOLGE:
Ineenstorting van Aandelebeurs and Bankstelsel
werkloosheid
sonder huise
afname in produksie en pryse
afname in buitelandse handel
voortgesette probleme in landbou het vererger
bydrae van Republikeinse beleidsrigtings soos nie-inmenging van staat in besighede
en stoere_indiividualisme tot die krisis
- Samevatting: Leerders vat standpunt saam. Die samevatting moet verband hou met die standpunt geneem in die inleiding en gevolg is deur die opstel.
(Enige ander relevante samevatting)

VRAAG 3B

Het Roosevelt se New Deal die Verenigde State van Amerika van die Groot Depressie van 1929 gered? Bespreek.

[50]

SINOPSIS

Kandidate moet gedeeltelik saamstem, saamstem of nie saamstem met die vraag. Of hulle gedeeltelik saamstem, saamstem of nie saamstem nie met die vraag, behoort kandidate die doelstellings van die New Deal te verduidelik en aandui of die New Deal die VSA gered het van die Depressie van 1929.

*NB: Die hoofaspekte (bullets) moet gebruik word om aan die vraag se vereistes te voldoen en om 'n relevante gedagterigting te ontwikkel. **Die blote neerskrif van 'feite' is onvoldoende.***

HOOFASPEKTE

- Inleiding: Kandidate kan verwys na die doelstellings van die New Deal en 'n aanvanklike evaluering gee van hoe Roosevelt se New Deal daarin kon slaag om die VSA te red.
(Enige ander relevante inleiding)

UITBREIDING

'n Evaluering van die New Deal moet aangebied word met verwysing na die volgende:

Daar moet 'n verband wees tussen die oogmerke en die verskillende maatreëls

- Verligtingsmaatreëls
[bv. bring van verligting aan diegene wat geraak word deur depressie
Noodlenigingswet (fondse om verligting te bring aan die sukkelende massas
– sokkombuise, klere ens.)
Burgerlike Grondbewaringskorps (massa werkverskaffing)
Publieke Werksadministrasie/'Works Progress Administration' (massa werkverskaffing)
Huisseienaars Leningskorporasie (lenings aanhuiseienaars)]
- Herstelmaatreëls
[bv. om die Amerikaanse nywerhede en landbou weer aan die gang te kry
Nasionale Industriële Nywerheidsherstelwet (verbeter werksomstandighede in
industrieë, opstel van kodes vir elke nywerheid)
Landbou Aanpassingswet (doel om landbou produksie te verminder om pryse geleidelik op
te stoot)]

- Hervormingsmaatreëls
[bv. oogmerk om te verseker dat soortgelyke situasie nie weer gebeur nie
'Tennessee Valley Authority' (opheffing van een van die armste landboustreke)
Wagnerwet (arbeidswetgewing)
'Social Security Act' (welsynswetgewing)]

Samevatting: Die kandidate moet die argument saamvat deur aan te dui hoe die New Deal van Roosevelt instaat was om Amerika te red van die Depressie van 1929. (Enige ander relevante samevatting)

AFDELING B: BRONGEBASEERDE VRAE**DIE NASIEN VAN BRONGEBASEERDE VRAE**

- By die nasien van alle brongebaseerde vrae moet krediet toegeken word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argumente, bewyse of voorbeelde.
- By die toekenning van punte moet seker gemaak word of daar aan die vereistes van die vraag voldoen is of nie.
- In hierdie riglyne vir nasien word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van vraagstelling aangedui in kursiefgedrukte skrif.

VLAKKE VAN BRONGEBASEERDE VRAAGSTELLING

VLAK 1 (V 1)	Seleksie/ onttrekking van inligting uit bronne.
VLAK 2 (V 2)	Eenvoudige interpretasies deur gebruik te maak van een bron en breëre kennis om bewys te lewer van begrip oor die periode/ onderwerp/ saak.
VLAK 3 (V 3)	Eenvoudige interpretasies deur gebruik te maak van meer as een bron en breëre kennis om bewys te lewer van begrip oor die periode/ onderwerp/ saak.
VLAK 4 (V 4)	Komplekse interpretasies wat dikwels meer as een bron behels. Hierdie vrae konsentreer op aspekte soos bevooroordeeldheid, betroubaarheid, die gebruik van organiseringsbegrippe (ooreenkoms en verskil, oorsaak en gevolg, chronologie; verandering en kontinuïteit) om kontraste, vergelykings en verskillende standpunte te verduidelik en as 'n finale stap om hierdie insigte aan te wend om 'n paragraaf te skryf of, met ander woorde, om 'n stukkie geskiedenis te skryf wat gebaseer is op bewyse uit die bronne.

VRAAG 4: AFRIKA IN DIE TWINTIGSTE EEU**4.1 WAT WAS DIE UITDAGINGS WAT AFRIKA NA ONAFHANKLIKHEID IN DIE GESIG GESTAAR HET?**4.1.1 a) *[Interpretasie van bewyse uit bron – V2]*

- Alhoewel Afrika arm was, was daar sommige wat ryk was (1x2)

b) *Interpretasie om begrip te toon – V2]*

- Afrikalande was bankrot – leiers het hulself verryk
- Hy wou aandui leiers was buitensporig, korrup, het fondse wanbestuur, ens.
- ryk kapitalis in 'n verarmde land
- Enige ander relevante antwoord (enige 1x2)

4.1.2 *[Interpretasie van bewys – V2]*

- Omdat Afrikalande swak ekonomiese beleide gehad het
- Staatgemaak op een uitvoerprodukt
- Meer goedere ingevoer
- Denemarke is 'n ontwikkelde land – bloeiende ekonomie
- Enige ander relevante antwoord (enige 1x2)

4.1.3 *[Bepaal bruikbaarheid van bron – V4]*

Kandidaat moet bewyse en historiese kennis gebruik

Bruikbaar

- Om Afrika se ekonomiese ontwikkeling na onafhanklikheid te evalueer
- Om die buitewêreld se standpunte rakende die ekonomie van Afrika te illustreer
- Om Afrika se ekonomiese ontwikkeling te begryp
- Enige ander relevante antwoord

OF

Beperkings

- Afrika word gesien vanuit 'n Westerse perspektief
- Afrika word gesien as onderontwikkeld
- Afrika word vergelyk met ontwikkelde lande
- Nie genoeg inligting om ekonomiese ontwikkeling te bepaal
- Enige ander relevante antwoord (enige 2x3)

4.1.4 [Komplekse interpretasie en bepaling van teenstellings/verskille – V4]

Gebruik holistiese matriks hieronder en die volgende om 'n punte toe te ken.

Kandidate moet die bronne vergelyk in 'n poging om vas te stel tot watter mate die bronne van mekaar verskil. Die uitgebreide skryfstuk moet gebaseer wees op bewyse uit beide bronne.

Die uitgebreide skryfstuk kan fokus op

- Bron 4A – illustreer ryk mense wat bevoordeel was in die verarmde onafhanklike Afrikalande
- Bron 4B – Illustreer die ekonomiese en maatskaplike uitdagings wat deur Afrika na onafhanklikheid in die gesig gestaar is
- Enige ander relevante antwoord

VLAK 1	<ul style="list-style-type: none"> • Identifiseer teenstellings wat nie noodwendig toepaslik is nie • Of kan nie teenstellings identifiseer nie • Gaan nie verder as die identifisering van slegs enkele teenstellings nie 	0 – 1 punte
VLAK 2	<ul style="list-style-type: none"> • Het die meeste teenstellings geïdentifiseer • Is in staat om weldeurdagte gevolgtrekkings rakende die teenstellings te maak 	2 – 3 punte
VLAK 3	<ul style="list-style-type: none"> • Het vernaamste teenstellings akkuraat geselekteer • Kon met hoë graad van akkuraatheid bewyse prosessee • Kon begripvolle en weldeurdagte gevolgtrekkings rakende die teenstellings maak 	4 – 5 punte

(5)

4.1.5 [Ekstrapolasie en interpretasie van bewyse en eie kennis – V3]

- Tekort aan skole
- Ongelykheid tussen landelike en stedelike opvoedkundige fasiliteite
- Min skole, kolleges en universiteite
- Enige ander relevante antwoord

(enige 1x2)

4.1.6 [Ekstrapolasie en interpretasie van bewyse en begrip – V3]

- Afrika regerings het 'n gebrek aan gesondheidshulpbronne om vigs en malaria te beveg en was nie in staat om burgeroorloë te voorkom waarin baie omgekom het nie.
- Enige ander relevante antwoord

(1x3)

4.1.7 [Onttrek geselekteerde bewyse uit al die bronne, organiseer bewyse in 'n gestruktureerde paragraaf – L4]

Gebruik die holistiese matriks hieronder en die volgende om 'n punt toe te ken.

Die paragraaf moet gebaseer word op bewyse uit al die bronne moet fokus op

- Bron 4A – perspektief rakende Afrika – hoe ryk mense in verarmde lande geleef het
- Bron 4B – Afrika word getoon as onderontwikkeld in verlyking met Europese lande – ekonomiese en maatskaplike uitdagings
- Bron 4C – weerspieël ekonomiese en maatskaplike uitdagings

VLAK 1	<ul style="list-style-type: none"> • Kan nie relevante bewyse uit bronne onttrek nie • Onttrek bewyse uit bronne op 'n baie elementêre wyse • Of kan nie verslag lewer oor onderwerp nie • Gebruik bewyse en/of eie kennis gedeeltelik om verslag te lewer oor die onderwerp 	Punte: 0 – 2
VLAK 2	<ul style="list-style-type: none"> • Onttrek meestal relevante bewyse uit bronne • Onttrekte bewyse het tot groot mate verband met onderwerp • Gebruik bewyse uit bronne en eie kennis op 'n basiese wyse 	Punte: 3 – 5
VLAK 3	<ul style="list-style-type: none"> • Onttrek relevante bewyse uit bronne • Onttrekte bewyse hou goed verband met onderwerp • Gebruik bewyse uit alle bronne en eie kennis baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf • Paragraaf toon begrip van die onderwerp 	Punte: 6 – 8

(8)
[30]

4.2 HOE WAS DEMOKRASIE BEGRYP (OORWEEG) EN TOEGEPAS IN AFRIKA NA ONAFHANKLIKWORING?

4.2.1 [onttrek bewyse – V1]

- Nie werkbaar
- Parlementêre opposisie was afbrekend eerder as opbouend
- Enige ander relevante antwoord

(2x1)

4.2.2 [Interpresie van bewyse - V3]

- Geen regverdiging - kan nie maklik implementeer word nie omdat opposisie nie toegelaat word nie
- Slegs die belange van die regerende party maak saak
- Regverdiging – bestaan nie omdat 'n eenpartystelsel nie opposisiepartye toelaat nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 1x3)

4.2.3 [Interpretasie van bewyse – V2]

- Die bestuurder (Afrikaleier) het 'n gebrek aan parlementêre kennis en vaardighede om demokrasie effektief te implementeer
- Demokrasie in Afrika het koers verloor / nie effektief nie
- Afrikaleiers het spoggerige visie van demokrasie
- Enige ander relevante antwoord (2x2)

4.2.4 [Bepaal bruikbaarheid van bron - V4]

Bruikbaar

- Om die Britse en Europese standpunte rakende Afrika demokrasie te begryp
- Vir illustrasie dat Afrika demokrasie nie doeltreffend toegepas word nie - daar is uitdagings wat die proses verhinder

OF**Nie bruikbaar**

- Partydig – illustreer slegs een standpunt
- In sommige Europese lande het diktatorskappe gehad
- Enige ander antwoord moet behoorlik gestaaf word (enige 2x2)

4.2.5 [Komplekse interpretasie en bepaling van ooreenkomste – V4]

Gebruik die holistiese matriks hieronder en die volgende om 'n punt toe te ken.

Die uitgebreide skryfstuk moet gebaseer wees op bewyse uit beide bronne.

Die uitgebreide skryfstuk kan fokus op:

beide bronne fokus op demokrasie en probleme daarmee in Afrika

Bron 4D – hoe demokrasie in Afrika begryp en toegepas was –

nie gewerk nie

-ten gunste van eenpartystaat, geen opposisie toegelaat

-maak voorsiening vir demokratiese keuse binne 'n eenpartystaat

Bron 4E - probleme met Afrika demokrasie Afrikaleiers het gebrek aan parlementêre ervaring

VLAK 1	<ul style="list-style-type: none"> • Kan nie (elevant) bewyse uit bronne onttrek nie • Onttrek bewyse uit bronne op 'n baie elementêre wyse • Of kan nie verslag lewer op die onderwerp nie • Gebruik bewyse en/eie kennis gedeeltelik om oor die onderwerp verslag te lewer 	Punte: 0 – 2
VLAK 2	<ul style="list-style-type: none"> • Onttrek meestal relevante bewyse uit bronne • Onttrekte bewyse hou tot groot mate verband met onderwerp • Gebruik bewyse uit bronne en eie kennis op 'n basiese wyse 	Punte: 3 – 5
VLAK 3	<ul style="list-style-type: none"> • Onttrek relevante bewyse uit bronne • Onttrekte bewyse hou goed verband met onderwerp • Gebruik bewyse uit alle bronne en eie kennis baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf • Paragraaf toon begrip van die onderwerp 	Punte: 6 – 7

(7)
(20)
[50]

VRAAG 5: OMSTANDIGHEDDE WAT TOT DIE TWEDE WÊRELDOORLOG GELEI HET

5.1 WAT WAS DIE GESINDHEID TEENOR VROUE IN DIE DUITSE NAZI-STAAT

5.1.1 [Interpretasie om begrip te toon – V2]

- Die rol van vroue was om na die gesin en huis om te sien
- Om kinders groot te maak

(enige 1x2)

5.1.2 [Onttrek bewyse uit bronne – V1]

- All die vakke van meisies hou verband met aktiwiteite wat beskou was as aktiwiteite van vroue (*Frauenschaffen*)
- *Handarbeit en Hauswirtschaft* het hul voorberei om na die huis om te sien
- Gefokus op huishoudkunde/ kook/ huis en tuinwerk
- Die *Pflege* kursus sluit 'n deel ingesluit wat hulle vir moederskap voorberei het
- Kleutersorg en gesinswelsyn was deel van kursus (enige 4x1)

5.1.3 [Vergelyking van bronne om ooreenkomste te identifiseer – V4]

- Beide bronne beklemtoon dat die Nazi's die rol van vroue gesien het as dié van vrou- en moeder wees
- Beide bronne fokus op tradisionele gesinslewe
- Bron 5C ondersteun Bron 5A in die opsig dat dit sommige redes vir daardie opvatting verskaf, bv. stygende werkloosheid
- Bron 5C ondersteun Bron 5A in die opsig dat dit sommige maatreëls verskaf wat die Nazi's ingestel het om dit makliker vir vroue te maak om hul aangewese rol te vervul
- Enige ander relevante antwoord. (enige 3x2)

5.1.4 [Om 'n argument te konstrueer in antwoord op bewyse in bronne en eie kennis – V4]

- Die volgende holistiese matriks sal gebruik word om die vraag te evalueer. Leerders moet hul standpunt rakende die Nazi-gesindheid teenoor vroue aandui en regverdiging verskaf vir hul standpunt gebaseer op inligting uit die bronne en hul eie kennis.

VLAK 1	<ul style="list-style-type: none"> • Suiwer 'n emosionele antwoord sonder ondersteunende bewyse • Gebruik bewyse in die bronne op 'n elementêre wyse of het bewyse gedeeltelik gebruik om 'n antwoord te konstrueer • Regverdig nie die antwoord op 'n wyse wat verband hou met bewyse in bronne of toon 'n begrip van die situasie/gebeure/kwessie 	Punte: 0 – 3
VLAK 2	<ul style="list-style-type: none"> • Gebruik meestal relevante bewyse om 'n antwoord te konstrueer. • Antwoord op bewyse in bronne op 'n baie elementêre wyse om 'n argument te konstrueer wat tot 'n sekere mate logies is • Regverdiging vir die antwoord toon 'n gedeeltelike begrip van die situasie/gebeure/kwessie 	Punte: 4 – 6
VLAK 3	<ul style="list-style-type: none"> • Gebruik relevante bewyse uit al die bronne en eie kennis om 'n geloofwaardige en oortuigende antwoord te konstrueer (op Nazi gesindheid teenoor vroue) • Regverdiging hou goed verband met die situasie/gebeure/kwessie • Toon 'n bewuswording van 'n sekere opvatting of beskouing as tipies van 'n sekere periode of plek en bied 'n goeie argument aan waarom hierdie opvatting aanvaarbaar/nie aanvaarbaar is nie 	Punt: 7 – 10

(10)
[22]

5.2 WAS DIE DUITSE OORNAME VAN SUDETENLAND IN 1938 REGVERDIG?5.2.1 *[Onttrek en interpreteer bewyse uit bron – V2]*

- Dat Hitler mal geword het
- Dat Hitler oorlog wil maak
- Enige ander gepaste antwoord (1x2)

5.2.2 *[Interpretasie en eie kennis om begrip van die periode te toon – V2]*

- 'Hitler het geskree dat dit definitief sy laaste gebiedseis in Europa was'
- Vals omdat Hitler voortgegaan het om te eis dat die Poolse Korridor deel van Duitsland moet word.
- Dat Duitsland se oosgrens herstel moet word
OF
- '...wanneer die Tjegge hulself met hul minderhede versoen het, sal die Tsjeggiese staat my nie langer interesseer nie'.
- Vals omdat hy later die res van Tsjeggo-Slowakye ook oorgeneem het
- Enige ander toepaslike antwoord (enige 2x2)

5.2.3 *[Onttrek bewyse uit bron – V1]*

- Hy sê die ooreenkoms het verseker dat daar vrede sal wees (1X2)

5.2.4 *[Komplekse interpretasie van bron – V3]*

- Tsjeggo-Slowakye kan nie staatmaak op die ondersteuning van enige ander land nie
- Tsjeggo-Slowakye sal maklike prooi wees vir 'n aggressiewe Nazi-Duitsland
- Enige ander toepaslike antwoord (enige 2X2)

5.2.5 *[Interpretasie van bron om bruikbaarheid te bepaal – V4]*

- Dit is bruikbaar omdat dit toon dat daar mense was wat baie ongelukkig gevoel het oor die Nazi's Sudetenland oorgeneem het.
- Dit wys ook dat ondanks hul ongelukkigheid, sommige mense so bang vir die Nazi's was dat hulle voortgegaan het om hul te salueer
- Enige ander relevante antwoord (2X2)

5.2.6 *[Vergelyking van bronne om ooreenkomste te illustreer – V4]*

- In Uittreksel 2 van Bron 5F, is daar 'n gevoel van teleurstelling en hopeloosheid in die Tsjeggiese Eerste Minister se aankondiging dat hulle Sudetenland aan Duitsland moet oorhandig
- In Bron 5G, toon die droefheid van die vrou met die aanskouing van die Duitsers wat Sudetenland binnegaan, die teleurstelling en hopeloosheid. (2X2)

5.2.7 [Gebruik inligting van al die bronne en eie kennis om 'n argument te konstrueer – L4]

Die leerder moet standpunt inneem teenoor die oorname. Hul eie kennis van die periode asook inligting uit die bronne moet gebruik word om hul argument te ondersteun.

VLAK 1	<ul style="list-style-type: none"> Het nie standpunt ingeneem nie of het nie relevante inligting gebruik om hul standpunt te ondersteun nie. Antwoord toon nie begrip van die situasie/gebeure/kwessie nie 	Punte: 0 – 2
VLAK 2	<ul style="list-style-type: none"> Meestal relevante bewyse gebruik om argument te konstrueer. Antwoord op bewyse in bronne op 'n basiese wyse om 'n argument te konstrueer wat tot 'n sekere mate logies is Regverdiging en die gebruik van bewyse uit die bronne toon 'n gedeeltelike begrip van die situasie/gebeure/kwessie 	Punte: 3 – 5
VLAK 3	<ul style="list-style-type: none"> Gebruik relevante bewyse uit al die bronne en eie kennis om 'n geloofwaardige en oortuigende antwoord te konstrueer Bied 'n gebalanseerde mening rakende standpunt aan. Regverdiging en gebruik van bewyse toon 'n duidelike begrip van die situasie/gebeure/kwessie 	Punte: 6 – 8

(8)
[28]
[50]

**VRAAG 6 INTERNASIONALE VERHOUDINGS EN GEBEURE 1945-1970:
DIE KOUE OORLOG****6.1 HOE HET DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA (VSA) GEREAGEER OP
DIE UITBREIDING VAN SOWJET INVLOED IN EUROPA?**6.1.1 a) *[Ontrekking en interpretasie van inligting uit bron – V2]*

- Onvermoë om Amerika te betaal
- Afhanklikheid van Amerikaanse produkte (2x2)

b) *[Interpretasie – V2]*

- Sonder bystand sou Europa onder kommunistiese invloed gekom het
- Ekonomies, maatskaplik en polities sou Europa ernstig geraak gewees het sonder bystand van die weste (enige 1x3)

c) *[Onttrek en interpretasie van bewyse – V4]***Regverdig**

- VSA gesien as beskermmer van Europa
- VSA beleid gemik teen hongersnood, armoede, desperaatheid en chaos
- VSA wou werkende ekonomieë laat herleef
- VSA moet bystand verleen tot die opkoms van politieke en maatskaplike toestande waarbinne vrye instellings kan bestaan
- Politieke stabiliteit en vrede
- Die terugkeer na normale ekonomiese toestande

OF**Nie regverdig**

- Oorheers Europa
- Wyse om Oosterse lande uit te daag
- Uitnodiging om konfrontasie (enige 2x2)

6.1.2 *[Interpretasie van bewyse uit bron – V2]*

- VSA was sterkeras Europese moondhede
- VSA het toename in landbou, industriële en steenkoolproduksie
- Enige ander relevante antwoord (2x2)

6.1.3 *[Interpretasie van bewyse uit beide bronne – V4]*

- Bron 6B – grafiek toon ekonomiese ondergang wat Europa in die gesig gestaar het na die Tweede wêreldoorlog. Alle Europese lande het verliese getoon en ekonomiese ondergang in terme van landbou, nywerhede, behuising en spoorvervoer
- Bron 6A – maak melding van ekonomiese agteruitgang soos getoon in Bron 6B (2x2)

6.1.4 (a) [Onttrekking uit bron – V2]

- Aanskou 'n vars indringing van die VSA tot die sake van ander state
- Plan van VSA om haar invloed uit te brei
- Om Europa ekonomies en polities te verslaaf
- Amerikaanse imperialisme
- Geen plek vir koloniste en bittereinder politici (enige 2x2)

(b) [Interpretasie van bewys om begrip te toon – V3]

Akkuraat

- Geen plek vir kolonialisme veral in terme van die bevel van VVO vir die beëindiging van oorheersing van 'n land deur 'n ander
- Praktyk van kolonialisme is verby – 1940s Afrikalande aangedring op onafhanklikheid

Nie akkuraat

- Tussen 1947-1960 was baie lande steeds onder kolonialisme
- Koloniale moondhede nie bereid om onafhanklikheid te gee nie (enige 2x2)

6.1.5 [Kompleks interpretasie van bron – V4]

- Betroubaar – toon beleid van VSA – imperialisme
- oorheersing
- Enige ander relevante antwoord

OF

- Nie betroubaar – Sowjet standpunt wat partydig mag wees
- Bevooroordeeld
- Enige ander relevante antwoord (2x2)

6.1.6 [Komplekse interpretasie – vergelyking van bronne – V4]

- Beide bronne weerspieël die beleid van die VSA om in te meng in die sake van ander state
- Beide bronne weerspieël die VSA se beleid van imperialisme en uitbreiding
- Enige ander relevante antwoord (2x2)

6.1.7 [Interpretasie van bewyse uit bronne – V3]

- Bron 6D bied 'n opvatting van die VSA aan wat ander lande wil domineer deur haar beleid op hulle af te dwing
- Bron 6A bied 'n opvatting van besorgdheid van die VSA aan wat bystand aan ander lande wil verleen suiwer om humanitêre redes (2x2)